KLEIN
GROEPE
ROETES

-DIE GROOTSTE STORIE WAT NOG OOIT VERTEL IS

-INHOUDSOPGAWE

-MODULES: A-C

-KLEINGROEPE ROETE

-KLEINGROEPE MISSIONALE GEMEENSKAPPE

Die Grootste Storie Ooit Vertel

Stories staan sentraal in ons alledaagse lewe. Hulle is kragtig en diep met betekenis. Hulle steek sosiale en kulturele grense oor. Hulle verbind uniek die storieverteller en luisteraar met mekaar. Ons gebruik stories om ons te help om sin te maak van ons wêreld en ons verhouding daarmee.

God is die grootste Storieverteller van alle tye en die Evangelie is die grootste storie wat nog ooit vertel is.

Die Evangelieverhaal
In die begin het God alles geskep; die die hemel en die aarde. Hy het die skepping gevul met diere, visse, plante en elke kruipende dier. Maar Sy kosbaarste skepping was die mens. Hy het alle mense gevorm na die beeld van God en hulle het 'n perfekte verhouding geniet saam met Hom (Genesis 1-2).

Toe tref die tragedie. Deur misleiding en 'n leuen, het die vyand, Satan, mense daarvan oortuig hulle was beter sonder God. Mense het gewillig gesondig en die gevolge daarvan was, skeiding van God (Genesis 3).

Dit beteken dat alle mense, ek en jy ook, het gesondig en sonder eksterne ingryping sal sonde vir ons die dood tot verdienste hê en ewige skeiding van God (*Romeine 3:23, 6:23, Jesaja 53:6, Hebreërs 9:27*).

Maar God het 'n Held gestuur om ons te red. Hy het ingegryp met Sy genade, liefde en barmhartigheid. Terwyl ons steeds in sonde was en vyande van God, het Jesus Christus gekom om die straf van sonde te betaal deur Sy dood aan die kruis. Almal wat op Jesus vertrou en dit wat Hy alles perfek bereik het sal gered word, nie op eie verdienste nie, maar deur Jesus (Romeine 5:8, Efesiërs 2:8-9, Titus 3:5, 1 Petrus 3:18).

Wanneer ons gered is, behoort ons aan die liggaam van Christus, die Kerk. Die Kerk is die geredde mense van God, wat gestuur word om die grootste storie ooit te deel, te vertel en te verkondig aan die wêreld, sodat daar meer dissipels van Jesus gemaak sal word (Handelinge 1:8, Matteus 28:18-20, 2 Korintiërs 5:17-20). En as ons na die toekoms kyk, is daar 'n tyd vasgestel deur God die Vader wanneer Jesus Christus sal terugkeer om alle dinge eens en vir altyd perfek te herstel. Hy sal alles nuut maak, Sy mense sal woon vir ewig in volmaakte vrede by Hom en Hom aanbid tot in alle ewigheid (Jeremia 32:36-44, Openbaring 7:9-17).

Die Evangelieverhaal raak elke area van ons lewens. Dit is 'n storie wat sosiaal en kultureel enige grense kruis en oorsteek hindernisse en ons help om sin te maak van die wêreld waarin ons leef. Dit is die fondament waarop alle Christene se geloof, hoop, lewe en toekoms staan terwyl ons soek om Jesus beter te ken en daagliks te volg. Soos jy jou reis begin saam met *Roetes*, moenie die Evangelieverhaal en Jesus, ons groot Held vergeet nie.

ROETES
EEN JAAR DISSIPELSKAP
PROGRAM VIR
KLEINGROEPE

MODULES

Module A
"Ons nuwe identiteit"

Maand 1:
OP – "Identiteit in Christus"

W1: Bybelstudie
W2: Gesinsmaaltyd
W3: Toerusting
W4: In Aksie

Maand 2:
IN - "Identiteit in die Familie van God"

W1: Bybelstudie
W2: Gesinsmaaltyd
W3: Toerusting
W4: In Aksie

Maand 3:
UIT – "Identiteit as 'n Getuie"

W1: Bybelstudie
W2: Gesinsmaaltyd
W3: Toerusting
W4: In Aksie

Maand 4:
"Leef in ons nuwe identiteit"

W1: Bybelstudie
W2: Gesinsmaaltyd
W3: In Aksie
W4: Viering-Kontrolepunt

Module B
"Bybelse gemeenskap"

Maand 5:
OP – "Gemeenskap met God"

W1: Bybelstudie
W2: Gesinsmaaltyd
W3: Toerusting
W4: In Aksie

Maand 6:
IN - "Gemeenskap in die Familie van God"

W1: Bybelstudie
W2: Gesinsmaaltyd
W3: Toerusting
W4: In Aksie

Maand 7:
UIT – "Gemeenskap op sending"

W1: Bybelstudie
W2: Gesinsmaaltyd
W3: Toerusting
W4: In Aksie

Maand 8:
"Lewe in Bybelse gemeenskap"

W1: Bybelstudie
W2: Gesinsmaaltyd
W3: In Aksie
W4: Viering-Kontrolepunt

Module C
"Christus se sending"

Maand 9:
OP – "Op sending met God"

W1: Bybelstudie
W2: Gesinsmaaltyd
W3: Toerusting
W4: In Aksie

Maand 10:
IN - "Op Sending met die Familie van God"

W1: Bybelstudie
W2: Gesinsmaaltyd
W3: Toerusting
W4: In Aksie

Maand 11:
UIT - "Op Sending in die nasies"

W1: Bybelstudie
W2: Gesinsmaaltyd
W3: Toerusting
W4: In Aksie

Maand 12:
"Leef Christus se sending uit"

W1: Bybelstudie
W2: Gesinsmaaltyd
W3: In Aksie
W4: Viering-Kontrolepunt

KLEINGROEPE ROETE

Kleingroepe Roete | Wat is dit?

Om Jesus te volg is 'n reis en net soos op elke reis, het 'n mens nodig om 'n goeie kaart te hê om nie langs die pad te verdwaal nie. Die ***Kleingroep Roete*** is 'n kaart om jou groep te help om elke aspek van Jesus se Groot Opdrag te gaan uit leef. Dit sal jou help om dissipelskap ritmes te vestig, NG Suid se Kernwaardes toe te pas, en jou groep toe te rus om effektief te werk om dissipels van Jesus Christus te vermeerder.
Die doelwit vir die ***Kleingroepe Roete*** is vir groepe en lede om "***Jesus te ken, lief te hê en te aanbid***" in die konteks van geestelike vorming, gemeenskap en sending terwyl ons voortgaan om dissipels te vermeerder.

Kleingroepe Roete | Hoe om dit te gebruik?

Die Kleingroepe Roete is ontwerp om 'n twaalf maande raamwerk te skep vir kleingroepe. Dit is ontwerp vir beide nuwe en bestaande groepe om gesonde maandelikse ritmes te skep en toegerus te wees met dissipelskap-gereedskap. Daar is drie modules wat uit vier maande saamgestel is binne elke module. Elke module fokus op een *Kernwaarde* (geestelike vorming, gemeenskap en missie). Binne elke maand is die eerste week geestelike vorming, die tweede week is 'n gesinsmaaltyd, die derde week rus die lede toe met 'n gereedskap, en die vierde week laat lede toe om te oefen en te vier wat hulle daardie maand geleer het.

As jou groep 'n week mis, gaan aan waar julle laaste opgehou het. Maak net seker jy hersien en almal in die groep weet waar jy is en waarheen jy gaan in die Kleingroepe Roete.

Kleingroepe Roete | Vier weeklikse ritmes

Bybelstudie: Die groep sal bymekaarkom vir 'n Bybelstudie wat gefokus is op die onderwerp vir die maand. Jy sal sien wat die Bybel te sê het oor die onderwerp en bespreek hoe om dit wat jy geleer het toe te pas.

Gesinsmaaltyd: Enige vorm van 'n ete, wat doelbewus 2-3 besprekingsvrae sal hê wat verband hou met die vorige week se Bybelstudie. Byvoorbeeld, "Hoe het dit wat jy uit die Bybel geleer het, jou lewe die afgelope week beïnvloed?''

Toerusting: Kleingroep leiers sal 'n praktiese dissipelskap-vaardigheid/gereedskap onderrig (d.w.s. lees van die Bybel, Evangelie-aanbieding, bid, ens.). Baie van hierdie hulpbronne kan ook aanlyn gevind word op ons webtuiste onder Kleingroepe.

In Aksie: Die Kleingroepe sal oefen wat hulle die vorige week geleer het. Byvoorbeeld, as hulle geleer het hoe om die Evangelie te deel, sal die aand bestee word aan oefening en rolspel met mekaar om meer gemaklik en selfversekerd te word.

KLEINGROEPE
MISSIONALE GEMEENSKAPPE

Wat is 'n Missionale Gemeenskap?

'n Missionale gemeenskap is 'n gemeenskap van Christus-volgelinge op sending saam met God in gehoorsaamheid aan die Heilige Gees, wat tasbaar demonstreer en kreatief verkondig die Evangelie van Jesus Christus aan 'n spesifieke gemeenskap, woonbuurt of netwerk van mense.

'n Gemeenskap van Gelowiges

In die lewe, dood en opstanding van Jesus het God mense versamel vir Homself wat Hy bemagtig en stuur om Sy getuies te wees, soos ons sien in Johannes 20:21 en Matteus 28:16-20. Ons word geroep en gestuur om 'n seer, gebroke en sterwende wêreld te wys dat Jesus is wie Hy sê Hy is en dat Jy gedoen het wat Hy gesê het Hy gaan doen. Die doel van Christen gemeenskap was nog altyd om God se karakter aan die wêreld te demonstreer. Ons doen dit as individue, maar ons gemeenskappe moet ook so gedefinieer wees.

Op sending saam met God

Dit gaan daaroor om God se naam te eer en sy koninkryk en heerskappy in die wêreld te verkondig en te vestig. Dit is wat Hy nog altyd deurgaans gedoen het in sy verlossende geskiedenis! Hy red en seën mense deur die voltooide werk van Jesus dat hulle dissipels sou maak en Sy koninkryk sal opbou en uitbou in die wêreld rondom hulle. Die lewe van die gemeenskap is verbonde aan deelname van God se sending in die wêreld en die maak van dissipels vir en van Jesus.

Demonstreer die Evangelie

Net soos Jesus gekom het om die Koninkryk deur onbaatsugtige dade te demonstreer van diens, moet ons aktief soek na geleenthede om die werklike behoeftes te ontmoet van ons bure/naastes en gemeenskap. Ons streef daarna om 'n seën te word vir ons bure/naastes en gemeenskap. En daardeur demonstreer ons die realiteit van God se nuwe Koninkryk. Wanneer jy egter na Jesus kyk, het Sy bediening nie opgehou by genesing of om te voldoen aan die behoeftes van mense nie. Hy het konsekwent die ware boodskap verkondig van hoop aan diegene wat Hy teëgekom het.

Verkondig die Evangelie

'n Missionale gemeenskap luister na en verstaan die verhale van ander om die Evangelie verhaal te kan vertel op maniere wat dit Goeie Nuus is vir daardie spesifieke mense. Ons wil hê ons gemeenskappe moet worstel met en verstaan hoe om die goeie nuus van Jesus se volmaakte lewe, Sy offerdood en Sy opstanding in krag, te kan verkondig sodat dit inderdaad goeie nuus sal wees vir hul bure/naastes.

'n Buurt, Gemeenskap of Netwerk van Mense

God se genade in Jesus is goeie nuus vir diegene in die kerk en diegene buite die kerk – ons het almal die Evangelie nodig! Net soos die Vader die Seun gestuur het na 'n spesifieke tyd, plek en mense, so doen die Gees met die kerk, wat ons na spesifieke groepe mense toe stuur.

'n Missionale gemeenskap poog om hul lewens toe te vou met die buurt, of gemeenskap of netwerk van mense waarin God hulle geplaas het. Vir ons is 'n buurman of iemand in jou netwerk enigiemand wat jy nie kan vermy nie of enigiemand wat behoeftes het waar jy die hulpbronne het om hulle te help/ondersteun of om aan hulle behoeftes te kan voldoen. Hierdie individue kan diegene wees wat langsaan jou woon, dit kan werksmense of kollegas wees, diegene met wie jy speel, of diegene met wie jy een of ander soort van affiniteit deel. Hulle kan ook iemand wees met wie jy min in gemeen het, maar wie God vierkantig op jou pad geplaas het of spesifiek geroep het of jou beveel het om voor te sorg. 'n Missionale gemeenskap is 'n groep van mense wat 'n gemeenskaplike stel/groep mense het wat die Evangelie nodig het en ons leef doelbewus ons lewens tussen hulle.

Meer as 'n Bybelstudie

'n Missionale gemeenskap is van nature bedoel om meer as 'n tipiese Bybelstudie te wees. Vir ons is 'n missionale gemeenskap nie net 'n Bybelstudie nie, dit is nie net 'n gemeenskapsgroep, dit is nie net 'n sosiale gaan-oor-tot-aksie klub nie, dit is nie net 'n ondersteuningsgroep nie, en dit is beslis nie net 'n weeklikse vergadering nie. 'n Gesonde Kleingroep sluit al hierdie dinge mettertyd in, maar dit is ook 'n familie van sendelinge wat leer om Jesus op elke gebied van hul lewens te volg. 'n Kleingroep is 'n groep mense wat vra "Wat beteken dit regtig om God en my naaste lief te hê met alles in my?" en dan te besef Jesus vra dalk baie meer van jou as wat jy ooit gedink het. Die goeie nuus is egter dat ons Jesus kan ervaar en ken waar Hy op sending is na die stukkende en verlore samelewing.